# 12 *Saterdag*

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 17:16-18; 22-31**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 17:24-25 (OAV & NAV)**

**Paulus – Prys die KENBARE God wat Hom aan ons openbaar!**

Paulus (klein) se verontwaardiging (vs 16) is goed verstaanbaar. Atene wemel van die heiligdomme aan afgode, van offers wat voor hulle gebring word, van heidene wat iets van die bestaan van God moet besef – maar dan die pot heeltemal mis sit en voor beelde van goud, silwer en klip kniel (vs 29).

Ironies dat in die antieke hoofstad van kuns, wetenskap en filosofie – 'n stad wat in sy soeke na kennis uitstaan – die donkerte van die heidendom seëvier. In hierdie omstandighede gebruik God sy dienskneg, Paulus, om die lig van die evangelie helder te laat brand. As Paulus dan voor die Areopagus ('n tipe raad wat oor morele, etiese en godsdienstige sake beslis het) opstaan, dan is die suiwere openbaring van God op sy lippe.

Ateners – julle is selfs so godsdienstig dat julle 'n god aanbid wat julle nie ken nie. Uit vrees dat julle dalk van 'n afgod vergeet het, en so in onguns by daardie god verval, aanbid julle 'n "anonieme god". Eintlik erken hulle hiermee iets van die nutteloosheid van hierdie "diens" en "geloof". Ja – die heidene het nie 'n verhouding met die "god" nie, dit gaan alles oor wat die mens uit die verhouding kan kry. Eintlik is die altaar aan die "onbekende god" 'n altaar vir die *onkenbare afgode.*

*Daarteenoor, sê Paulus, verkondig ek aan julle*

- Die ENIGSTE ware God, wat kenbaar is.
- Dit is Hy wat alles geskep het, dit is Hy wat alles onderhou, omdat dit aan Hom behoort.
- Hy kan nie ingeperk word deur tempels en mense se denkskemas van wie Hy nou eintlik is nie.
- Hy is nie van ons afhanklik, asof Hy daaraan behoefte het nie.
- Hy bepaal alles en gee aan alles lewe en asem en alles.

*Die stem van God se openbaring breek kragtig in Atene deur:*

- Teenoor die onkenbare, onpersoonlike afgode, staan die ware God, wat kenbaar is.
- Teenoor die afgode wat met die hand gedien moet word, staan die lewende God wat nie net my hande eis nie, maar my totale wese.

Dit is die Ware God wat ons in ons ellende kom opsoek het en Christus gestuur het om dit wat verlore is, te kom vind. Daarom soek ons Hom – sodat ons Hom sal vind. Ons vind Hom in sy openbaring, en verslind dit in dankbaarheid om roepingsgedrewe in diens aan Hom alleen te lewe.

*Sing: Psalm 33-1:5, 6, 11*

*Ds. JL (Jan-Louis) Lee (Bothaville)*